HOF : Wat was die toestand van die skool? -- Die skool as ŉ skool self is vuil, die perseel is vuil en tweedens was daar ŉ tekort van onderwysers.

En wanneer is die skoolgelde betaalbaar? -- By die inskrywing van die kinders vir registrasie.

Die begin van die jaar? -- Ja, elke begin van die jaar.

MNR. FICK : En is dit duidelik dat die skool kon nie skoon gemaak word en geverf word en die tipe van ding nie, want die mense betaal nie hulle fooie nie? Daar was nie geld

daarvoor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daarvoor nie? -- In antwoord op hierdie vraag sal ek dit ŉ bietjie breedvoerig moet antwoord. Ek praat nou van die skole in die swartgebiede. Volgens die goewerment se regulasies word die skole net skoongemaak na sewe jaar.

HOF : U bedoel met skoonmaak uitverf? -- Die verbetering van die toestande praat ek van. Die verfwerk, die herstelling van die vensters en eintlik aandag te gee aan alles wat aandag moet geniet. U vraag is omdat daar nie geld was nie. Ons het probleme gehad as ŉ skoolkomitee daar dat ons nie huisvesting gehad het vir die onderwysers nie as gevolg waarvan die onderwysers daar gebly het in Worcester as hy begin het vir drie of vier maande. Dan sal hy bedank en loop, as gevolg waarvan die komitee in die vorige jare nou, dit is nie 1985 nie, gaan vra het vir twee sale. Wat gebeur het is dat die enkelkwartiere van Worcester in Thembalitsha - ons het toe gaan vra vir twee vertrekke daar, twee deure wat ons oopgebreek het. Ons het daardie vertrekke verander na woonplekke of woonkwartiere vir die onderwysers. Dus moes ons messelaars gekry het om die bouwerk te doen en die skool se gelde word nie in die goewerment se begroting getel nie, met die gevoig dat ons gebruik gemaak het van die ouers se geld.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Waar is Thembalitsha? -- Dit is Zweletemba.

MNR. FICK : Ek wil u geheue verfris oor wat werklik by hierdie vergadering gebeur het. Is dit nie so dat hierdie vergadering is gehou nadat daar ŉ klasseboikot of skoleboikot aan die gang was vir meer as ŉ week al nie? -- Watter vergadering? Met die ouers?

Ja? -- Nee, dit is nie reg nie. Dit was nie net een

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering wat daar gehou was nie. Dit waarvan ons nou praat was die eerste vergadering en daarna omtrent elke tweede dag het ons ŉ vergadering gehou, want dinge het net voortgegaan.

As u sê dinge het voortgegaan, is dit nou die boikot? -- Ja, die boikot van klasse.

Hoe lank het hierdie boikot van klasse uiteindelik toe aangehou? -- Ongelukkig het ek nie ŉ rekord gehou van hoe lank dit geduur het nie, maar ons het ons plig gedoen tot op die einde van die boikot van die klasse.

<u>HOF</u> : U moet net die vrae beantwoord. U word nie gevra oor u plig nie en u word nie nog ander dinge gevra nie. As u nie weet nie, dan sê u net u weet nie, maar moenie net ŉ verhaal vertel as u ŉ vraag gevra word nie. Was dit ŉ kwessie van weke of ŉ kwessie van maande dat die ding geduur het of net ŉ paar dae? -- Dit het ŉ hele ruk geneem.

Ek weet nie wat bedoel u met ŉ hele ruk nie. Bedoel u met ŉ hele ruk jare, bedoel u maande? Wat bedoel u daarmee? -- Ek is nie seker nie. Dit kan maande wees.

Het u gedink dat die boikot geregverdig is? -- Ek sal nie kan sê of dit regverdig was of nie, maar wat ek wel vir die hof kan sê hier is dat die dinge waaroor hulle gekla het was presies so soos hulle gekla het. Dit was vir my ook duidelik gewees wat die klagte is en ek kon sien waaroor hulle kla.

Die klagte is oor feite, gewaande feite of werklike feite, maar het u destyds gedink dat dit ŉ goeie ding is dat hulle ŉ boikot het of dat dit ŉ verkeerde ding is om ŉ boikot aan te pak? -- Ek sal nie kan sê of dit ŉ goeie ding was of die regte ding of die verkeerde ding dat hulle dit so gedoen het nie, want dit is lank wat ons hierdie

dinge/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dinge probeer regstel het. Hulle kom eers na ons toe om te kla oor hierdie goed. Dan sal ons die klagte neem na die kringinspekteur toe. Dit het net so gebly tot hierdie dinge nou plaasgevind het voor daardie dinge reggestel was soos genoem as klagtes.

Moet ek nou van u antwoord wat ek al vier keer probeer kry aflei dat u ten gunste was van die boikot? -- Nee.

Hoekom nie? -- As ek ten gunste van die boikotte was sou ek nie vergaderings bygewoon het waar daar probeer was om dit te stop nie.

Hoekom was u nie ten gunste van die boikot nie? -- My belang was dat die kinders voort moet gaan by die skool.

MNR. FICK : U praat hierso van die kinders het kom praat met julle. Gee vir ons name, asseblief. Watter kinders het met julle kom praat? -- Ons praat mos van Vusisizwe skool, nie waar nie? So, die kinders waarvan ek praat is kinders van Vusisizwe.

Kom ons probeer so. Het hulle as 'n groep u kom spreek? -- Voor ek die vraag antwoord, mag ek miskien hierso duidelikheid kry? Wil u hê dat ek vir u moet sê wat die prosedure is van die kinders as ek met die komitee kom praat of wat wil u weet?

HOF : Het hulle die komitee genader oor hierdie aangeleentheid op die gewone wyse? -- Sonder om geraas te maak?

Ek weet nie wat is die gewone wyse nie? -- Ek sal liewers so antwoord soos die vraag gekom het. Die vraag is ook nie vir my direk gestel nie. Die prosedure is dat as daar klagtes is sal die kinders by die prinsipaal gaan kla, wie dan die klagte oordra aan die skoolkomitee en dan sal die komitee 'n vergadering roep en dit bespreek en dan 'n

antwoord/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

antwoord gaan gee by die skool by die kinders waar hulle bymekaar geroep is om aan die kinders 'n antwoord te gee oor wat hulle gevra het direk.

Waar die hele vergadering kinders staan kom die komitee dan met hulle praat? -- Ja.

MNR. FICK : Op hierdie vergaderings waarvan u praat wat elke tweede dag plaasgevind het oor klasseboikot of skoolboikot waar die kinders was, het die kinders daar 'n woordvoerder gehad wat namens hulle gepraat het op hierdie vergaderings? -- Ons praat nie met kinders nie. As ons die ouers geroep het vir 'n vergadering dan is dit 'n vergadering met die ouers. Ons praat net met die ouers daar. Ons praat niks met kinders nie en die laaste keer wat ons met die kinders praat is toe ons gevra het dat ons die kinders moet toespreek waar hulle bymekaar geroep is by die skool. Dit is alleenlik op ons versoek dat ons met die kinders op skool gaan praat en verder glad nie. Ons praat nie met die kinders nie. Al is hulle miskien daar rond by die vergadering van die ouers, praat ons nogtans nie met die kinders nie.

Ek wil aan u stel, is u nie verkeerd met u datum nie? Was die eerste vergadering wat gehou was nie 15 Julie 1985 nie? -- Nee, nee, nee, die 15de? Nee. U praat nou van iets wat my terugvat. Dit is nie 'n ding wat by die skool plaasgevind het op die 15de nie. Ek sê die moeilikheid het begin na die 22ste. Dit is die begin van die moeilikheid.

Kom ek vra u so, gedurende Julie 1985 weet u daarvan dat die administrasieraadskantore in Zweletemba gebrand het? -- Ek weet nie daarvan nie.

Weet u dat hulle ooit gebrand het in 1985? -- Ek weet nie van daardie administrasieraad se kantore nie. Ek het net



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

te doene gehad met die skool. My belang was by die skool gewees. Die skole was nie gebrand gewees nie. Destyds het ek niks te doene gehad met die administrasieraad se eiendom nie. Dit is die rede hoekom ek nie soveel opgelet het na die eiendom van die raad nie.

MR TIP : How far a field is the cross-examination to go? Are we not outside the period of the indictment at this stage?

COURT : I do not know. When did your evidence stop? Just before the end of the indictment?

MR TIP : The evidence really stops in September 1984. There is a reference to August 1985 merely because the state witness put the burning of Tsobo's house in October 1984, but beyond that, the evidence certainly does not materially venture. I am just concerned that matters that are not before your lordship be opened up if we are going to consume further time.

COURT : Yes, well, they should not, but I never know where cross-examination is leading and therefore I have got no hand in it.

MR TIPK : That is why I have sat until now.

COURT : Your complaint is registered and underlined.

MNR. FICK : Ek sal nou afstap daarvan. Ek wil aan u stel u getuienis en ontkenning dat daar 'n vergadering was op 15 Julie oor hierdie klasseboikot is vals? -- Dit is u eie notule wat u het daar in die rekord. Waarvan ek weet is dat dit eers op 22 Julie begin het. Daar is iets wat ek miskien kan meld wat by die skool plaasgevind het. As daar miskien kleinighede gewees het tussen die skoolkinders en die prinsipaal van die skool wat veroorsaak het dat die

kinders/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kinders miskien vir daardie dag of daardie rukkie nie in die klaskamers wou ingegaan het nie, wat deur die prinsipaal afgehandel was, sal ek nie van weet nie, want dit is afgehandel tussen die kinders en die prinsipaal.

Antwoord asseblief net die volgende vraag, sonder so ŉ lang stert aan. Ek wil dit aan u stel dat op hierdie vergadering het die ouers vir die kinders gevra "Verduidelik vir ons hoekom gaan hierdie boikot aan?" Toe raak die kinders onbeheerbaar en hulle storm uit die vergadering uit en daardie selfde aand word die adminstrasieraadskantore afgebrand? Dit is op 15 Julie 1985, die een waarvan u niks weet nie? -- Dit kan wees dat ek nie daardie vergadering bygewoon het nie, want die skoolvergaderings is so. As die lede daarby betrokke ŉ kworum gevorm het, dan sal hulle daardie vergadering laat voortgaan al is daar nog van die lede wat nie teenwoordig is nie. Dit is hoekom ek sê ek het nie ŉ notule daarvan nie. Dit is oor die vergadering van die 15de.

Ek wil die name vir u gee en dan sê u net asseblief ja of nee of u hulle ken. Ken u vir Christopher Tyawana? -- Nee, ek ken hom nie, maar moontlik is u spelling verkeerd.

<u>HOF</u> : Spel hom op ŉ ander manier as u hom dan ken? -- Ons het nie ŉ Tyawana by die skool nie, ook nie ŉ Christopher nie, maar ŉ van wat daar is by daardie skool is Tshwana.

Maar is hy ŉ Christopher? -- Nee, ons het nie ŉ Twayana kind met die naam van Christopher by daardie skool nie.

Dan het u nou maar net lekker gesels, maar dit was nie die antwoord nie. Bly nou maar net by die vraag.

<u>MNR. FICK</u> : Die tweede naam is Dick Stokwe Sizani? -- Ek is nie duidelik nie. Sê vir my, die Sizani waarvan u

praat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

praat, is dit ŉ skolier?

Dit is so, ja, in 1985? -- Nee, ek glo nie, want ek ken die skoliere en ek ken hulle vanne.

HOF : Hoeveel hoërskole het julle daar op Worcester? -- Net een. Dan het jy ŉ hoër primêre skool. Dit is Alfred Stempa.

Ja-nee, maar ek het u dit nie gevra nie, ook nie oor die kleuterskool nie, net oor die hoërskool.

MNR. FICK : Paulus Mnyuka? Ken u die naam? -- Ja, ek ken daardie een.

Was hy ŉ leerling in 1985 by die Vusisizwe skool, ja of nee? -- Hy was ŉ skolier.

Dan die volgende naam is, Poto Coldiza? -- Nee, ek ken hom nie. U weet, ek het bietjie ŉ probleem. Wou u gesê het Conidiza of sê u Coniswa? Dit is die vanne wat die probleem is.

Ek ken nie die uitspraak van die van nie, maar ek het die spelling as C-o-l-d-i-z-a. Ek weet nie hoe spreek ŉ mens hom uit nie. -- Nee, dan ken ek hom nie. Dit is Condiza as u dit so spel.

Is sy naam Poto, die een waarvan u praat? -- Ek ken nie die naam nie, maar ek weet ons het so ŉ van by die skool.

HOF : Watter soort van het u by die skool? -- Condiza of Chekiso, maar dit is ŉ van naby aan dié wat uitgespreek was deur die advokaat.

Spel net vir ons albei. Die eerste een? -- C-o-n-d-i-z-a, I think so, although I am not sure.

En die ander een? -- Chekiso. C-h-e en op die einde is dit s-o. Dit is die einde van die van.

Wat ek nou geskryf het is Cheso? -- Ek weet nie of dit korrek is nie, want ek ken nie die vanne wat hier genoem

word/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

word nie. Ek kry dit nie reg van die advokaat af nie. So, dit maak my deurmekaar. Ek is nie seker van die van wat hy wil noem nie.

Nee, nee, ek het u maar het gevra hoe spel 'n mens daardie twee vanne wat u genoem het? As u nie weet nie, sê nou maar net, dan sal ons self 'n spelling uitdink. -- Nee, dan weet ek nie.

Wat is die tweede naam wat u genoem het? -- Ek het gepraat van naastenby praat die advokaat van Condiza en dan die tweede een was Chekiso. Ek raai maar net naastenby dit wat uitgespreek word.

Mnr. Fick sal vir ons Chekiso spel.

TOLK : C-h-e-k-i-s-o.

MNR. FICK : Die laaste naam wat ek sal probeer is Morgan Toto Peter. Die van is Peter? -- Ons het die van van Peter in daardie tyd gehad. Ek weet nie wat die voorletters is nie.

U as lid van die skoolkomitee het seker te doen gekry met die organisasies van die jeugdiges in Zweletemba? -- Watter een?

COSAS? -- Nee, maar ek hou mos nie vergaderings met skoliere nie. Ek sal nie weet watter organisasie het te doen met die skoliere nie.

Maar is daar nooit aan u as lid van die skoolkomitee gerapporteer maar kyk by hierdie hoërskool het ons so 'n organisasie van COSAS nie? -- Ek het al hier vir die hof gesê dat ons hou geen vergaderings saam met die skoliere nie en as daar iets is wat die skoolkinders doen, sal ek verwag dat daar iemand is wat namens die skoliere praat. Of dit nou die organisasie is wat namens die skoliere daar dinge sê of nie, ek weet nie van so 'n organisasie nie. Ek sal

ook/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ook nie sê dat dit nie bestaan nie, want daar gebeur verskillende dinge op verskillende geleenthede by die skool.

Ek wil net aan u stel, die name wat ek vir u gelees het is die COSAS bestuur in Zweletemba? -- So, ek weet nie daarvan nie.

Ek wil aangaan met u getuienis na heeltemal 'n nuwe aspek. Sê vir die hof, vandat die mense ingetrek het - u ingetrek het in 1949 in Zweletemba ... (Hof kom tussenbei)

HOF : 1953. 1949 was Sakkiesdorp.

MNR. FICK : 1953. Is daar enige pogings aangewend deur die persone in beheer van Zweletemba om die plek te verbeter? -- Soos ek alreeds gesê het, niks was gedoen te Zweletemba nie.

Is dit omdat daar nie geld was nie? -- In daardie tyd het ons die adviesrade gehad. Dit is wat hulle gesê het dat daar nie geld was nie, maar hulle het nogtans belowe dat dit gedoen sal word.

U het ook vir die hof gesê daar is 'n rioolstelsel geïnstalleer in Zweletemba. Wanneer was dit gewees? -- Met die oprig van die huise by daardie lokasie was dit ook gedoen. Dit is dié wat nog op die huidige oomblik daar is. Dit is dié wat altyd blok.

U het nie 'n woord getuig oor huurverhogings nie. Moet ek daarvan aflei dat daar was vandat u daar ingetrek het in Zweletemba nooit huurverhogings nie? -- Die huur van Zweletemba aan die begin was vyftien sjielings. Dit was verskeie kere verhoog tot op datum. Die huidige huur is verskillende bedrae wat ons betaal. Daar is huise soos die een wat ek bewoon. Dié se huur is Ri2,00 en die ander is - daar is van die ander huise wat meer kos. Dit hang af van die inkomste

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die huurder van die huis. Daar is rekeninge vir water wat apart kom. Dit is ver hoër as die huurgeld wat ŉ mens betaal vir die huis.

Voor 1984 wanneer laas was die laaste huurverhoging? -- Ek kan nie onthou nie, want ek het nie my rekords saamgebring waarin ek aantekeninge het nie, maar wat ek wel vir die hof kan sê is dat daar iewers in 1980 was daar ŉ huurverhoging gewees. Elke keer as die huur verhoog word, dan vra die inwoners wat is dit wat gedoen is in hierdie woonbuurt van ons wat hierdie verhoging regverdig.

Asseblief, antwoord net die vrae. Ons weet nou êrens in 1980 en in 1984 en wanneer daarna was daar weer ŉ huurverhoging gewees?

HOF : Was daar in 1984 ŉ huurverhoging?

MNR. FICK : Was daar in 1984 ŉ huurverhoging? -- Nee, ek onthou dit nie.

In 1985? -- Ek weet nie, miskien na ek bedank het as ŉ raadslid was dit verhoog, maar ek weet nie.

HOF : Dit is mos nou nie ŉ antwoord nie. U betaal dan die huur mos self? -- Ja.

Nou ja, dan sal u mos weet of dit verhoog is in 1985? -- Ek sou daarvan geweet het. Nee, dit was nie verhoog nie.

MNR. FICK : Kan die hof dan aanvaar êrens in 1980 was daar ŉ huurverhoging wat u betref? -- Ja, soos ek gesê het, dit is òf 1980 òf 1981. Daar rond. Ek het net die datum vergeet. Daar was ŉ verhoging gewees.

Is dit dan reg dat hierdie huurverhogings in wese was nie ŉ klagte van die inwoners nie, want dit het maar so nou en dan geskied? -- Daar was klagtes gewees oor die huurverhoging. Die mense het daaroor gekla. Hulle wou geweet

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het wat dit is wat gedoen is dat die huurgelde verhoog moet word.

HOF : Maar dit was laas in 1980/81? -- Ja.

Kla hulle nou nog steeds oor dieselfde ding? -- Ek sal nie kan sê nie, want op die oomblik is daar nie 'n raad nie, ook nie raadslede nie en daar is nie 'n manier vir die mense om bymekaar te kom dat 'n mens dit kan vasstel of hulle nog klagtes het of nie, maar ek is seker daarvan dat daar niks is wat uitgevoer word namens die inwoners daar nie.

MNR. FICK : Ek wil dit kortliks aan u stel, u getuienis in hierdie hof dat die mense ontevrede was met die raadslede tot hier by 1979 toe besluit is om die stelsel te aanvaar is vals?

HOF : Laat ons net 'n bietjie duidelikheid kry oor wat u stel. My herinnering is dat die raadstelsel ingevoer is in 1979. Die gemeenskapsraadslede het toe ingekom. Voor dit was dit 'n algemene adviesraad wat heeltemal iets anders was en die getuie het ook nie iets anders vertel nie.

MNR. FICK : Ek het dit dan verkeerd. Die bewering dat die mense aanvanklik teen die stelsel was van raadslede en toe later omgeswaai het en dit aanvaar het, wil ek aan u stel dit was vals? En ek wil aan u stel presies die teenoorgestelde het gebeur. Die mense het altyd hierdie stelsel aanvaar en later is daar geagiteer dat dit verwerp moet word? -- Dit hoor ek vir die eerste keer van u, want wat my betref wou die inwoners nie die raadstelsel aanvaar het nie en niemand het daar gekom om te agiteer teen die raadstelsel nie.

Ken u die volgende twee persone, Mathews Kapa, Shepard Matshoba? -- Ken hoe? Waar hulle woon en of ek hulle gesien het? Wat bedoel u?



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Het u al die name vantevore gehoor? -- Ek ken hulle as inwoners van Zweletemba.

MNR. FICK : Dan wil ek vir u nog ŉ naam gee Miriam Moleleki? -- Ek ken haar baie goed. Ons behoort aan dieselfde gemeente by die kerk.

Ken u ook vir Elizabeth Bushwana? -- Ja, ek ken haar ook. Sy is ŉ inwoner van Zweletemba. Sy het eintlik daar groot geword.

Ken u ŉ organisasie met die naam van Western Cape Civic Association? -- Ek hoor daarvan en ek lees koerante. Ek sien berigte daaroor in die koerante.

Het u vantevore gehoor van ŉ organisasie met die naam van United Women's Organisation, afgekort UWO? -- Ja, ek lees daarvan in die koerantberigte.

Ek wil aan u stel, u is nie eerlik met die hof as u sê u lees net in die koerante daarvan nie. Ek wil aan u stel hierdie Miriam Moleleki wat u so baie goed ken en Elizabeth Bushwana is lede van die bestuur van hierdie United Women's Organisation in Worcester, Zweletemba? -- Ek sal nie daarvan weet nie, want ek behoort nie aan ŉ organisasie nie.

Ek wil aan u verder stel, hierdie ander twee name wat ek vir u gegee het van Mathews Kapa en Shepard Matshoba is van die bestuurslede van die Western Cape Civic Association in Zweletemba daar by u? -- Ek sal nie sê dat dit nie so is nie. Ek sê ek as ŉ persoon wat nou hier voor die hof sit het niks te doen met organisasies nie. So, ek weet nie. Geeneen van hierdie organisasies wat deur die staatsadvokaat genoem is het met my iets te doene gehad nie. So, met ander woorde, ek het geen rede om iets te probeer wegsteek vir die hof aangaande die twee organisasies nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is dit nie so nie dat hierdie Mathews Kapa en Shepard Matshoba het aanvanklik saam met die raadslede in Zweletemba gewerk, hulle het hulle ondersteun? -- Dit kan wees dat dit wel so was in die tyd van daardie raadslede waar hulle iets te doene gehad het, maar nie in my tyd wat ek op die gemeenskapsraad gedien het nie. Tweedens, by die vergaderings wat ons bygewoon het met daardie ander raadslede, dit is die gemeenskapsraadslede, het hulle nooit saam met die lede daar bo gaan sit by die verhoog nie. Die enigste menste op die verhoog gedurende die vergaderings was net die lede gewees.

HOF : Wat werk die twee? -- Hulle werk sommer daar in die dorp. Hulle is werksaam by Coca-Cola fabriek.

MNR. FICK : Het u al vantevore gehoor van die organisasie bekend as die South African Allied Workers Union, SAAWU? -- Nee. Ek sien partykeer as daar melding gemaak word in die koerantberig van organisasies, want ek werk nie eintlik vir iemand nie. Ek is ʼn besigheidsman.

Ek wil aan u stel dat u bewering dat u net in koerante daarvan lees en nie daarvan kennis het nie, is vals. SAAWU het in Februarie 1985 ʼn kantoor oopgemaak in Zweletemba? -- Mag ek miskien vra voor ek ʼn antwoord gee op hierdie vraag?

HOF : Ja? -- Is u bewering dat SAAWU miskien mense na ʼn vergadering toe geroep het om vir hulle te sê dat hulle kantore gaan oopmaak of het hulle sekere mense genooi om dit by te woon as hulle die kantore oopmaak, dat u sê dat ek daarvan moet weet?

MNR. FICK : Die staat beweer dat SAAWU het daar kantore oopgemaak en hulle het begin organiseer onder die mense in Zweletemba? -- My antwoord op u vraag sal dan wees, ʼn inwoner van ʼn plek en ʼn persoon wat van iemand anders hoor wat

gebeur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gebeur in daardie plek, die inwoner ken daardie plek beter as die een wat gehoor het, want daardie persoon het die agtergrond van die geskiedenis van die plek. Ek is 'n inwoner van Zweletemba. Ek ken Zweletemba beter as enige ander persoon. So, ek is die persoon met die beste inligting.

HOF : Beteken die antwoord dat daar nie 'n kantoor van SAAWU geopen is in Februarie 1985 nie? -- Nee, u sal onthou ek het eers gevra of mense genooi was na die vergadering toe en wat ek daarby bedoel is. As mense genooi was met die opening van die kantore, dan sou almal daarvan weet, maar as mense skelmpies daardie kantore oopgemaak het, dan sal ek nie daarvan weet nie.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1294 JANUARY BOETIETJIE QANGISO BADI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Meneer, ek wil vir u vra, ken u 'n persoon met die naam van Ferdinand Fourie? -- Nee.

Ken u vir James Issel? -- Nee.

En Davey Peterson? -- Nee. Waar woon hy?

Zweletemba? -- Nee, daar is nie so 'n persoon in Zweletemba nie.

Ken u 'n organisasie met die naam van CAHAC, Cape Housing Action Committee? -- Nee, ek weet nie van so 'n organisasie of dit bestaan nie.

HOF : Sê vir my, Zweletemba, is dit 'n swartwoonbuurt of is dit 'n kleurlingwoonbuurt ook? -- Dit is vir die swartmense alleen. Die kleurlinggebied is baie ver daarvandaan.

MNR. FICK : Wat is die naam van die gebied waar die kleurlinge bly in Worcester? -- Een van hulle is Victoria Park, Riverview, Roodewal en Heckspark, Esselenpark, Johsonspark, Voorbou.

Die United Democratic Front, weet u of hulle enige organiseerders/

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

organiseerders of ondersteuners het in Zweletemba? -- Ek sal nie kan sê nie, want ek het nog niemand gesien nie. Ek weet daarvan dat daar so iets bestaan deur daarvan in die koerante te lees dat daar so iets is. Ek sal ook nie kan sê of dit nie bestaan in Zweletemba nie.

Het u nooit plakkate of pamflette gekry wat uitgereik is deur UDF daar in Zweletemba waar hulle vergaderings adverteer of konferensies wat hulle in Worcester omgewing hou nie? -- Ek weet nie daarvan nie. Ek weet nie of daar enigiets gedoen was om mense daardie plakkate te gee of pamflette nie. Die enigste pamflet waarvan ek weet is die een wat na my toe gebring was in daardie area. Dit is al wat ek kan sê.

HOF : Die een wat hier in die hof vertoon is? -- Ja.

MNR. FICK : Is dit nie so dat daar ŉ "million signature campaign gevoer was in Zweletemba in 1984 nie? -- Dit is donker in my. Ek weet nie waarvan u praat nie.

Ek wil aan u stel dat UDF in Desember 1983 het hulle daar in Worcester ŉ vergadering gehou in Zweletemba om presies te wees en die vergadering het hulle gehou teen die raadslede en raadstelsel? -- As daar so ŉ vergadering was sal ek dit nie betwis nie, maar wat snaaks is is dat ek ŉ lid van die raad was in daardie tyd van November 1983. Hoekom weet ek nie daarvan nie? As dit nou gesê word dat die vergadering was gehou gewees om teen die raad te wees.

Ek wil aan u stel dat u weet van geen kampanje teen die raadstelsel in Zweletemba nie, is vals? -- Hoe sou UDF met die raadslede bymekaar gekom het as die raadslede as die gemeenskap nie eers met die raadslede ŉ vergadering kon hou nie.

Luister/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Luister, die stelling wat ek aan u maak is, daar is vergaderings gehou in Zweletemba teen die raadstelsel, hulle het vergaderings gehou met die gemeenskap en daar is die mense opgesweep teen die raadstelsel en die raadslede om hulle te verwerp? -- Dit is wat ek sê ek nie van weet nie. Ek sal nie daarvan weet nie. Dit is eintlik duidelik hoekom ek nie daarvan sal weet nie want ek kon nie so 'n vergadering bygewoon het soos beskryf word deur die advokaat nie, want ek was alreeds 'n lid van die gemeenskapsraad gewees indien daar so 'n vergadering was natuurlik.

Ek wil aan u stel daar was selfs 'n plattelandse konferensie vir UDF afgevaardigdes waar meer as veertig plattelandse gebiede verteenwoordig was gedurende 1984? -- Kan ek iets vra omtrent daardie stelling?

HOF : Nee, u moet maar net sê dit is so of dit is nie so nie. -- Nee, daar was nie.

MNR. FICK : Volledigheidshalwe wil ek die hof net in dié verband verwys na BEWYSSTUK W47 volume 8. Dit is die laaste bladsy van hierdie bewysstuk. Dit is 'n UDF News van Augustus 1984 en as u kyk na die laaste bladsy van W47 heel regs onder is 'n foto. Dan sal u sien daar is die opskrif "Boland afgevaardigdes by die UDF plattelandse konferensie in Worcester. Meer as veertig plattelandse gebiede was verteenwoordig." Wil u vir die hof sê u weet niks hiervan nie? -- Ek weet niks hiervan nie en ek is seker daarvan dat dit nie in Zweletemba gehou was nie. Moontlik by 'n kleurlingwoonbuurt.

Ek wil aan u stel dat voor die nasionale stigting van UDF in Augustus 1983 was daar plakkate aangebring wat die mense uitnooi na UDF se stigting daar in Zweletemba en daar was gereël dat die mense van Zweletemba en ander

woongebiede/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

woongebiede met busse kan ry na die stigtingsvergadering van UDF?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wanneer was dit?

MNR. FICK : 20 Augustus 1984? -- Ek dra geen kennis daarvan nie. Ek het dit nie gesien nie, wat dan vir my duidelik is dat dit niks te doene gehad het met Zweletemba of nooit daar gedoen was nie. Dit kan wees dat dit miskien by ander plekke gedoen was, maar nie Zweletemba nie. Dieselfde ding wat u nou sê van die organisering van busse wat mense sou gebruik het. Dit kan nie wees dat ek nie daarvan geweet het nie, want Zweletemba is ŉ klein plekkie. Ek moes daarvan geweet het. Dit is hoekom ek sê dat die busse moes dan van ander plekke af gekom het of na ŉ ander plek toe gery het, maar nie Zweletemba nie.

Ek wil aan u ook stel uiteindelik by die stigting van UDF was hierdie United Women's Organisation van Worcester verteenwoordig daar, hulle het afgevaardigdes soontoe gestuur? -- Ek sal moet teruggaan na wat ek al vroeër gesê het. Ek het gesê ek het geen ondervinding van organisasies nie. Ek dra geen kennis daarvan nie en tweedens, ek sal dan nie weet van ŉ organisasie van vrouens wat verteenwoordig was by hierdie plek nie.

Ek wil aan u ook stel dat die jeug uit Worcester het ook gegaan na hierdie stigtingsvergadering toe, nie net die vrouens nie, maar die jeug ook asook die verteenwoordigers van die Western Cape Civic Association? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En ek wil aan u verder stel dat toe die UDF Wes-Kaap gestig is, was daar weer eens afgevaardigdes van Worcester wat ook hierdie vergadering bygewoon het, die stigting

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van UDF Wes-Kaap? -- Ek het nie kennis daarvan nie.

Nou heeltemal ŉ ander aspek. U het vir die hof gesê dat voordat u op die raad gedien het, was die vorige raadslede algemeen uitgekryt as "puppets" en "sell-outs" en hulle het geen goeie naam gehad onder die gemeenskap nie? -- Om die waarheid vir die hof te sê, niemand het van hulle gehou nie, want hulle het niks gedoen vir die gemeenskap nie. Hulle was van geen hulp nie.

En nogtans sê u vir die hof was u bereid om een van hulle te word? -- Soos ek alreeds gesê het om en by die einde van die jaar 1983 het ek besluit om ook maar daar in te tree. Dit is omdat ek moeg was om met hulle te baklei en dieselfde ding oor en oor met hulle te praat.

Toe u nou uiteindelik uitvind soos u getuig het, toe u nou ŉ raadslid was waar die blokkasie is, wat het u daaromtrent gedoen? -- Ek het my bes gedoen om by te dra en te probeer om hierdie ding te doen dat hulle kan verstaan, maar daar was net een storie gewees wat hulle vertel het en dit is dat daar nie geld is nie. Dit het my neer geslaan. Ek kon nie verder baklei nie. Die rede hoekom ek neer geslaan was is omdat ek nie kan sien wat daar in die koffers was, hoeveel geld daarin was nie. Ek kon nie daar naby kom om te sien wat se geld daarin was nie.

U kan mos nie reg wees as u dit sê nie. Die raad het mos ŉ begroting en daar moet mos state voorgelê word vir goedkeuring om te wys waar gaan die geld heen? -- Toe ek bedank het, was dit voor dit aan ons gebring was en die begroting word net een maal per jaar gedoen.

Toe u ŉ raadslid was - raadslid geword het, het u nie na hulle toe gegaan en vir hulle gesê "Kyk, nou wil ons

weet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

weet waar gaan die geld heen, want julle vertel daar is nie geld nie, nou wil ons uitvind wat daarvan word" nie? -- Dit waarvan u praat het ek gedoen. Dit kon nie verder gevoer word nie, want mnr. Pienaar het net een ding vir ons gesê, naamlik dat ek met die mense in hoë gesag sal praat in die tyd van die begroting, dat hulle vir ons ook daar moet bereken.

Het u dit toe gedoen? -- Ja.

Maar dan weet u mos waar is die geld heen? -- Ek weet nie. U moet asseblief vir my sê as u nie verstaan het wat ek sê nie. U moet nie net dinge sê as ek dit nie gesê het nie, want wat ek hier sê is dat ek het vir mnr. Pienaar gevra waarop hy in antwoord gesê het ons moet wag vir die begroting. Ek het toe gewag vir die begroting. Ongelukkig voor die tyd van die begroting wat ons voor gewag het, was dit toe die tyd wat ons bedank het.

Kom ons probeer die ding kort maak indien dit moontlik is. Toe u by die persoon uitkom wat u mnr. Hattis noem en u sien nou hy is die senior van mnr. Pienaar en sy raad en u sien die raad is die liggaam wat die probleme veroorsaak vir julle, hoekom het julle as gemeenskapsraad dit nie opgeneem met mnr. Hattis wat julle probleem is nie? Waarom het julle gaan bedank? -- Maar ek het nou net vir die hof gesê dit was juis by hierdie vergadering waar ons besluit het om te bedank en tweedens, die voorstel wat u nou hier maak sou ons niks gehelp het nie, want mnr. Pienaar was nog steeds daar. Byvoorbeeld, toe mnr. Pienaar daar na ons toe gekom het, het ons hom aanvaar met 'n vergadering en hom verwelkom. Waar hy verwelkom was by daardie vergadering het hy vir ons gesê dit is die eerste keer in al hierdie swartwoonbuurtes waar hy was dat hy 'n woonbuurt kry met



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

so baie geld soos Zweletemba. Hy het toe vir ons gesê hy is ŉ klip. ŉ Klip kan nie sommer vanself rol of homself gooi nie. Ons moet gebruik maak van hom en hom gooi as ŉ klip van ons sodat ons dinge van Zweletemba goed kan vorder. dit sou ons nie gehelp het om met mnr. Hattingh te praat daar nie. Dit sou mnr. Pienaar nie laat verander het van die leuenaar wat hy was nie, want hy was maar ŉ leuenaar vir ons vanaf lankal. As u miskien gesê het dat daar ŉ nuwe persoon sou uitgekom het na ons gepraat het met mnr. Hattingh, maar nie waar mnr. Pienaar teenwoordig was nie.

HOF : Die antwoord kom daarop neer dat ŉ klip is nie ŉ goudklont nie.

MNR. FICK : Wanneer het u u besigheid begin as ŉ huurmotor-eienaar? -- My eerste besigheid was ŉ winkel gewees. Ek was ŉ winkeleienaar. Dit het ek verkoop in 1969. Ek het ŉ vloot van huurmotors gekoop, naamlik tien.

Kan ons nou net ŉ antwoord kry. Wanneer het u begin met u huurmotorbesigheid? -- 1970.

HOF : Het u nog tien huurmotors aan die gang? -- Ek het dit aan ander mense verkoop en net met twee oorgebly wat genoeg was vir my.

MNR. FICK : En u besigheid waar u met groente Sondae gesmous het, wanneer het u u lisensie gekry? -- Toe ek daar gekom het in Worcester vir die eerste keer - in Zweletemba - die eerste besigheid van my was smous gewees. So, ek word maar oud in die besigheid van smous.

En mnr. Tsobo, die ander huurmotoreienaar, wanneer het hy sy huurmotorbesigheid begin? -- Ek sal nie met sekerheid kan sê nie, maar ek kan vir die hof sê dat hy eers vir Irvin en Johnson gewerk het. Dit is voor hy ŉ huurmotoreienaar

geword/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geword het. Eintlik die eienaar van ʼn huutmotor.

Laat ek vir u so vra, dat ek kyk of ek ʼn antwoord kan kry. Wat het eerste gekom? Het hy eerste ʼn raadslid geword of was hy eerste huurmotoreienaar? -- Hy het eers ʼn huurmotoreienaar geword.

Die rede waarom u as raadslid bedank het, is omdat u gevoel het julle kom nêrens met die raadstelsel nie. Is dit reg? -- Ja, daar is geen vordering nie. Soos ek alreeds gesê het toe ons daar aangesluit het, het die eerste klomp alreeds opgehou. Die raad was dood gewees en hier waar ons in was het ook doodgegaan. Dit was die tweede raad wat doodgegaan het.

Is dit die enigste rede hoekom u bedank het? U het gevoel daar is geen vordering nie? -- Ja, dit is die waarheid. Dit is die hele waarheid, want ek het besef dit is ʼn trekker sonder ʼn ploeg waarmee ons besig is of dit is ʼn voertuig wat sonder ʼn masjien is om hom te trek.

Kom ons gaan na 15 September toe sonder hierdie voertuig.

HOF : September 1984?

MNR. FICK : September 1984. U het op hierdie dag u besigheid gaan doen en op ʼn stadium het ʼn kind vir u BEWYSSTUK ABA1 gebring? -- Dit is die waarheid.

Wie is die kind? -- U soek die naam van die kind?

Ja? -- Thembi Nkosi.

Het hy enige ander name hierdie persoon, enige byname?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit ʼn dogtertjie? -- Dit is ʼn seuntjie.

MNR. FICK : Het hy enige ander byname wat u hom by ken behalwe hierdie Thembi Nkosi? -- Ek weet nie van ʼn bynaam waaronder hy bekend staan as hulle daar speel nie. As sy pa ken ek

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie naam.

HOF : Hoekom sê u as sy pa? -- Ek sal dit moet verduidelik hoekom ek sê as sy pa. In my gewoonte as Xhosa, my oudste broer se kind of my jongste broer se kind, is ek die pa van daardie kind. Dit is in my gewoonte. Dit is hoekom ek hom beskou as my kind.

So, hy is 'n broerskind? -- Ja, dit is my oudste broer se kind.

MNR. FICK : Voordat ek met u BEWYSSTUK ABA1 self behandel, wil ek net een ding duidelik kry. Die klagtes van die gemeenskap, daar was die kwessie van te min huise, die jong getroude vrouens wat nie huise het nie, die swak paaie, die elektrisiteit? -- En nog iets wat ek miskien mag byvoeg wat ek vergeet het om te noem. Dit is een van die dinge wat ek alreeds gesê het wat ek nog wil noem. As beide ouers oorlede is wie die huis van die raad gehuur het en in daardie gesin is daar nie 'n kind wat getroud is nie, dan moet ons daardie kinders uit die huis sit. Ons het ook probeer om dit te verhoed, maar die moeilikheid van ons, die antwoord was dat dit volgens die wet is. Dit beteken dus as die kinders uit die huis gesit word, moet hulle òf nou 'n sinkhuis gaan bou by iemand se perseel waar hulle kan bly òf hulle moet ander plek gaan kry.

Voordat u verder aangaan. Die ander klagte is dié van die verstopte riolering. -- Ja, dit is so.

Is dit nou die algemene groot klagtes van die gemeenskap? -- Wat belangrik was. Dit was wel ander, maar hierdie was die belangrikste.

Nou wil ek hê u moet kyk na BEWYSSTUK ABA1. Dit is die pamflet waarvan ons praat. U sal sien daar word gesê

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in die eerste paragraaf die laaste sin "Boers puppets who sent away the people from their houses and zinc houses." Waarna verwys dit? -- Dit verwys na die kinders wat ek nou net beskryf het wat uit die ouers se huise gesit word om huise van hulle eie te gaan oprig met sinkplate.

As enigiemand anders hier kom beweer het dat hierdie goed verwys na die mense wat uit huise gesit word omdat hulle agterstallig is met hulle huur, dan is dit verkeerd? -- Wie ook al dit gesê het is nie korrek nie. Ek is die persoon wat op daardie raad gesit het waar die klagtes gebring was. Dit gaan oor die kinders wat uit die huise gesit word, want ek onthou op 'n stadium het ons die administrasie-raadslede, die amptenare gaan spreek aangaande hierdie ding, waar Makhubalo vir die administrasieraad se amptenare gesê het "Kyk, as dit die wet is, laat die goewerment vir ons dan 'n asblik wys waar kinders weggesmyt moet word as hulle ouers oorlede is."

HOF : Hoe dikwels het dit voorgekom in u tyd dat kinders uitgesit is? Dit is nou in u tyd op die raad? -- Terwyl ek op die raad gedien het, het ons twee gevalle gehad. Dit is huis nr. 479 Thusha Avenue en huis nr. 216 Mayinjane. Die ouers by hierdie twee adresse is beide oorlede in die geval van elke gesin.

MNR. FICK : Volume 112 bladsy 5 598 is die stelling gemaak dat hierdie paragraaf, hierdie sinsnede verwys na mense wat uitgesit is omdat hulle nie die huur kan betaal nie.
U het verder vir die hof gesê, as ek u reg verstaan, dat u was heeltemal - u het die woord "happy" gebruik - gelukkig met BEWYSSTUK ABA1? -- Ek het gesê dat ek nie sleg gevoel het daaroor nie. In plaas daarvan om sleg te voel het ek

gelukkig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gelukkig daaromtrent gevoel.

HOF : Maar nou kry u mos ŉ probleem want die mense sal nie meer u huurmotors gebruik nie? -- Ongelukkig was dit nie so gewees nie, want dit het my nie geraak nie. My besigheid het ek gesê is in die distrik, nie in Zweletemba nie. So, dit het my nie geaffekteer nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Terwyl u daarmee besig is. Hoeveel tyd het u in Rawsonville spandeer per dag? -- Ek het daar begin om 07h00 tot om en by om 16h30 of 17h00 en dan het ek teruggegaan, die hele dag op ŉ Saterdag.

En Sondae het u na die distrik gegaan om groente te verkoop ook? -- Ja, buite op die plase in die distrik. Ek verkoop nie in ŉ lokasie nie. Tot vandag toe verkoop ek nie in die lokasie nie.

Is dit reg om te sê u was maar min in Zweletemba behalwe om te slaap? -- Eers na ek gewerk het kon ŉ mens my in Zweletemba gevind het. Partykeer het ek in die oggend gehelp as mense werk toe moet gaan en daar is min vervoer waar ek mense werk toe vervoer tot om en by 08h00 se kant, dan gaan ek weg. Dit is wat ek elke dag doen vandat ek begin het met hierdie soort besigheid.

HOF : Hierdie mnr. Tsobo, hy het een huurmotor gehad? -- Ja.

Is hy nog daar? -- Nee, hy is lankal weg. Of hy nou iewers in Kaapstad werksaam is, weet ek nie.

Wanneer het u hom laas gesien? -- Ek het hom gesien iewers in 1987 te Groote Schuur. Dit het vir my voorgekom of hy daar gewerk het as ŉ sekuriteitsbeampte.

By die hospitaal? -- Ja.

Wanneer het u hom laas in aksie gesien as ŉ huurmotorbestuurder? -- Na Julie 1985.

MNR. FICK/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. FICK : Ek verstaan nie waarom sê u vir die hof u het heeltemal gelukkig gevoel oor BEWYSSTUK ABA1 nie, want hier is mos 'n klomp vals goed wat hier gesê word omtrent u? -- Maar ek het vir die hof hier gesê hoekom ek gelukkig gevoel het omtrent die inhoud van daardie pamflet. Ek het gesê ek was bly om hierdie pamflet te sien want dit gee meer gewig aan my bedanking as bewys wat dit beteken, hoe min waarde die raadslede gehad het.

Sê net vir my een ding, vergeet wat die raadslede gesê het, was u 'n "sell-out"? Het u die mense verkoop? -- Ek sal nie weet wat iemand anders in gedagte het met die gebruik van daardie woord nie, maar toe ek dit gebruik het, het ek hierdie betekenis aan dit geheg, dat die mense wat ek na verwys as "sell-outs" het nie hulp of is nie staat om die mense te help nie. Kan geen hulp aan mense gee nie.

Antwoord nou net die vraag. Het u die mense uitverkoop? -- Voor ek 'n antwoord daar verder kan gee, mag ek miskien eers iets vra?

HOF : Ja? -- Ek het hierdie probleem. Ek het vir die hof hier gesê dat die woordgebruik was omdat die gevoel is dat die raadslede sit net daar en niks doen vir die gemeenskap nie. Met ander woorde, hulle het geen waarde vir die gemeenskap nie. Beteken dit nou dat 'n mens verkoop word as dit die geval is?

Mnr. die tolk, watter woord word in die oorspronklike gebruik vir "sell-outs"?

TOLK : Volgens wat ek hier kan lees sien ek nie 'n woord wat kan staan vir "sell-outs" nie. Die woord wat miskien so vertolk kan word deur 'n persoon wat dit verstaan op daardie manier is die een wat sê "Abango no popi." "No popi" is

speelgoed/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

speelgoed. -- My verstaan van "no popi" beteken enige speelgoed. Byvoorbeeld ћ "dolly" wat ћ mens by die speelgoedwinkel kan koop word gewoonlik genoem "no popi." Dit is iets waarmee ћ mens kan speel.

HOF : As ћ mens dit nou sou vertaal met "puppet" is jy nader aan die waarheid, want by die volgende vertaling is "puppets". "They are the sell-outs boers puppets." Wat u daar vertaal het gaan saam met "Amabulu", is dit nie so nie? Wat is die heel eerste woord van daardie sin?

TOLK : Die heel eerste woord kan ek nie uitmaak nie. Dit is n-g-c-o-o of o-o-o. Dit maak nie sin vir my nie. Hierdie is onduidelik. Dit is daarom wat ek my nie wil verbind nie.

HOF : Ek dink die woord wat u nou genoem het is die een wat vertaal is met "puppet".

TOLK : Dit is die een "Abango no popi amabulu" wat dan hier agter staan as vertolking van "They are sell-outs."

HOF : As ons dit maak "ngocogxowankulu", sal dit iets beteken?

TOLK : Dit kan iets beteken as ћ mens daardie middelste "o" uithaal en dan die tweede een vervang met ћ "n". Dan lees dit "Ngo ngxowankulu."

HOF : Wat kan dit dan beteken?

TOLK : Dan beteken dit vir my dit is mense wat net belangstel in geld.

MNR. FICK : Die eerste sin in die volgende paragraaf word daar beweer dat u die mense verraai het met die doel om uself te bevoordeel. Het u dit gedoen? -- Ek weet nie. As dit die hof se vertolking is kan ek dit nie verder vat nie, maar wat ek verstaan daar gesê word hier praat hulle van ћ persoon wat net omgee vir sy eie saak, wat geen belang het in die gemeenskap nie wat hierdie houding het dat as hy

genoeg/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

genoeg het en versadig is, dan is almal in die gemeenskap net soos hy versadig. Hy gee nie om wat met ŉ ander mens gebeur nie. Dit is wat dit beteken.

HOF : Maar is u so ŉ man? -- Ongelukkig nie, maar ek sal vir die hof sê hoekom ek nie omgee om so genoem te word nie. Dit was nie die eerste keer dat hierdie woord teen my gebruik word in die omgewing daar nie. Dit was al vantevore teen ander mense gebruik.

Ja, maar dit is darem ŉ lelike ding om van u te sê, is dit nie? -- Ek het dit nie as ŉ lelike ding beskou om deur mense gesê te word nie, want die mense het eintlik nie geweet waarvoor daar ŉ gemeenskapsraad was nie, omdat dit hulle net nie kon help nie. Al gaan hulle met watter soort van ŉ klagte na hulle toe en met watter soort moeilikheid hulle opgelos wil hê, het die gemeenskapsraad net niks te doene gehad om hulle verder beter te kan help nie, behalwe die beloftes.

Ja, wel, ek begryp dit nie baie mooi nie. Hier is ŉ pamflet wat u vals beskuldig en wat op grond van die valse beskuldiging ŉ boikot teen u uitroep en u het nie beswaar daarteen nie? -- Dit is reg. Net ek en Tsobo se name word in die pamflet genoem en hierdie woorde was nie net teen ons, die twee wat nou besigheidsmanne was gebruik nie. Ongelukkig is net ons twee se name as besigheidsmanne hier in hierdie pamflet bevat. Andersins die woorde wat daar gebruik word geld vir almal wat in daardie gemeenskapsraad gedien het as lede.

MNR. FICK : Toe u nou sien hierdie ding word van u gesê en u sien op die pamflet is daar die embleem van UDF en ŉ ander een van die WCCA, het u seker met mnr. Tsobo of die

ander/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ander raadslede gaan bymekaar kom en gaan probeer hoor wie is hierdie mense wat sulke goed sê, waar kom die ding vandaan? -- Ongelukkig was daar nie vir my 'n kans gewees om dit te kan doen nie, naamlik dit te bespreek met die ander raadslede nie. Hierdie voorval het op die 15de plaasgevind wat ek hierdie dokument gekry het, dit is die pamflet. Gelukkig is daar die volgende dag 'n vergadering deur die gemeenskap geroep, dat ons daar moet gaan vergader. Dit is die vergadering wat Billy-Boy geadverteer het daar en dus het ons as raadslede dan by hierdie vergadering bymekaar gekom.

Is dit reg dat op 15 September het niks anders buitengewoons met u gebeur behalwe dat hierdie pamflet, BEWYSSTUK ABA1 aan u oorhandig is nie? -- Dit is die hele waarheid. Niks anders nie.

En is dit verder so dat u bedanking as raadslid het eers plaasgevind op 16 September 1984, want die vorige bedanking van u is opgeskort? -- Ek weet nie of ons mekaar goed gaan volg hier nie. Op hierdie 16de was daar nou net twee dae gewees waarin ons ons bedanking sou bevestig het ten volle.

Wat nie vir my duidelik is nie, wie het die vergadering van 16 September 1984 belê? -- Ek het alreeds vroeër gesê dat dit Billy-Boy Xabela was, 'n munisipale polisiebeampte.

Nee, wag, hy het rondgery en oor die luidspreker gesê van die vergadering, maar wie is die een wie se idee dit is dat hierdie vergadering gehou word? -- Ek hou vol daarmee dat dit Billy-Boy was want selfs toe ek by hierdie vergadering kom vind ek dat Billy-Boy op die verhoog is en hy tree op by hierdie vergadering as 'n voorsitter.

Hierdie Billy-Boy Xabela het hy enige ander pos wat

hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hy beklee behalwe munisipale polisiebeampte daar in die gemeenskap? -- Ek weet nie wat se pos hy nou verder beklee behalwe as ŉ munisipale polisieman nie, want selfs nou, hy is nou nog ŉ beampte daar by die administrasieraad se kantore. Daar is baie dinge waarin hy betrokke is, byvoorbeeld die kleuterskole. Hy is die persoon wat dit organiseer. Hy het baie dinge te doene daarmee. Ek weet eintlik nie presies wat hy is nie.

Daar is nie een of ander organisasie wat hierdie vergadering belê het of wat daar kom praat het ook op die vergadering nie? -- Nie by die vergadering waar ek was nie.

U sê Billy-Boy was nou die voorsitter. Hoe het hy gesê wie het die vergadering belê? Vir watter rede? -- Billy-Boy het dinge baie duidelik daar gestel. Vir ŉ persoon wat goeie Xhosa verstaan net soos ek, was dit nie moeilik om te volg wat Billy-Boy sê nie. Hy het die volgende gesê. Dat hy dit nodig gevind het om hierdie vergadering te roep omrede die gemeenskapsraad nie meer gefunksioneer het nie en hy het dit gevind, dit was sy plig om die vergadering bymekaar te roep, want selfs by die vorige geleentheid na die gemeenskapsraad nie meer gefunksioneer het nie. Hy is die persoon wat gemaak het dat daar weer ander gemeenskapsrade gekies moet word omrede hy probeer het om te vermy dat ons nou beheer moet word deur ŉ klein plekkie wat naby ons geleë is daar wat bekend staan as Ashton. Om dit te vermy het hy besluit dat ons daar moet kom vergader. Hy het toe verder gesê dat dit was alreeds vantevore gesê dat as ons nie optree nie, dan sal daar ŉ persoon gestuur moet word van Ashton om vir ons net te kom sê wat gedoen moet word sonder dat ons daaromtrent besluit het.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Maar wat het Ashton met Zweletemba te doen? Ashton is mos ver daarvandaan? -- Ons weet nie wat het Ashton te doene gehad met Zweletemba nie, maar dit is wat mnr. Pienaar vir ons gesê het dat as ons nou dinge net so los dat die gemeenskapsraad nie meer funksioneer nie, sal die sake van Zweletemba bespreek word deur mense van Ashton. Hulle sal vir ons besluite moet neem.

Is dit wat mnr. Pienaar gesê het? -- Ja, die dorpsbestuurder. Dit is wat ek dink die rede is vir Billy-Boy om te reageer deur die vergadering te roep.

HOF : Laat ek net duidelikheid kry wat is mnr. Pienaar. Is hy wat ons vroeër genoem het die lokasie superintendent of is hy iets meer? -- Ja, dit is daardie soort van ꞌn ding wat hulle vroeër genoem het die superintendent wat deesdae die bestuurder genoem word.

Hy is dus nie by ꞌn soort administrasieraad nie? -- Hy het ꞌn rol wat hy speel by die administrasieraad, want daar is geen vergadering wat gehou word met die administrasieraad waar hy nie teenwoordig is nie.

MNR. FICK : Op die vergadering toe julle nou almal sê julle bedank, julle raadslede, is daar enige besluite geneem wat nou verder? -- By watter vergadering? Praat u nou van die vergadering van die 18de of die vergadering van die 16de?

Die 16de? -- Die gemeenskap het niks daaromtrent gesê nie, want ons is die mense, die gemeenskapsraadslede wat vir die mense gesê het ons het alreeds bedank, dit gaan net op die 18de bevestig word. Dit beteken dat die gemeenskapsraad gaan weer dood.

Kom ons gaan maar na die vergadering van 18 September toe. Op daardie vergadering het julle bevestig julle gaan

bedank/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bedank en dit is die einde van die raadslede behalwe twee? -- Ja, dit was die laaste wat ek te doene gehad het met die gemeenskapsraad se dinge.

Hierdie drie ander raadslede in die klein gemeenskappie wat u van praat, u het tog seker gehoor of hulle ook bedank het en of hulle aangebly het? Is hulle vandag nog raadslede? -- Hulle het aangebly as raadslede, gemeenskapsraadslede vir die hele jaar van 1984. Hulle kon niks doen nie, niks uitvoer nie, want hulle het nie ŉ kworum gevorm nie want daar word vier persone benodig om iets te kan doen.

Het hulle toe ook bedank aan die einde van 1984 of wat het gebeur? -- Ek glo nie dit was die einde 1984 nie. Volgens wat ek van die koerantberig gelees het, was dit iewers in die middel van 1985 toe hulle bedank het.

En is daar weer ŉ raad gekies hierna of wie bestuur hierdie plek van toe af? -- Daar was nog nooit weer ŉ gemeenskapsraad of ŉ administrasieraad se mense in Zweletemba gewees nie, behalwe die berig wat ek van gelees het in ŉ koerant naamlik Cape Times waarin gesê word dat mnr. Mike Sebetoane deur die minister aangestel is as ŉ administrateur van Zweletemba woonbuurt, hy is die magte gegee om beheer uit te oefen oor Zweletemba en volgens daardie koerantberig was dit gesê dat hy een van die gemeenskapsraadslede is wat oorgebly het na die res bedank het. Volgens daardie koerantberig het hy eers in 1985 bedank.

<u>HOF</u> : Maar hy was op julle raad gewees? -- Ja. Hy is die een wat eintlik nie deelgeneem het tydens die bedankings nie.

Gelukkig is hy nie van Ashton nie? -- Soos ek alreeds vir die hof gesê het, dit is ŉ koerantberig waarvan ek

hier/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hier praat. Ek het hom nog nie gesien saam met die mense kom praat nie. Nou ja, ek kan nie met sekerheid sê dat dit nie Ashton is wat beheer uitoefen nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : As 'n mens van julle af ry ooswaarts kom jy eerste by Robertson of eerste by Ashton? -- Eers Robertson en dan Ashton.

Dit is ver? Naby Swellendam amper? -- Dit is meer as veertig kilometres.

MNR. FICK : As iemand beweer dat die raadslede het bedank en toe is daardie raadslede wat bedank het weer heraangestel op die raad en hulle het in 1985 bedank, wat sê jy daarvan? -- Ek sê as 'n inwoner van daardie plek Zweletemba daar bestaan nie so iets nie. Wie dit ook al gesê het was net besig om sy storie 'n bietjie vet te maak, want ons raad was die laaste gemeenskapsraad wat daar bestaan het wat geval het.

Terwyl u 'n raadslid was, was daar enige pogings aangewend deur 'n organisasie met die naam van Western Cape Civic Association om met julle raad te kom praat? -- Nie wat ek van weet nie.

Wie keur dit goed dat die gemeenskapsaal gebruik kan word vir vergaderings? Wie het dit in 1984 gedoen? -- In die tyd van die gemeenskapsraad daar het mense by die voorsitter van die gemeenskapsraad gaan vra of dit gebruik kan word. Hy is die enigste een wat dan die magtiging kon gegee het vir die gebruik daarvan, maar in ons tyd toe ons nou begin het by die raad om te dien as raadslede, het dit nie meer so gewerk nie. Die kantoor van die superintendent, dit is die bestuurder se kantoor het die beheer uitgeoefen want selfs die sosiale dinge was ook daar gehou in daardie saal. So, dit was vir hom om te sê wie die reg het om die saal te kan

gebruik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gebruik.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was dit mnr. Pienaar? -- Nee, dit was nie mnr. Pienaar nie. Dit was nou 'n man net onder Pienaar, mnr. Nel. Selfs wanneer mense moet betaal vir die gebruik van die saal het hulle by daardie kantoor van mnr. Pienaar en Nel betaal.

MNR. FICK : Terwyl u op die raad gedien het, het u ooit enige dokumente of briewe gekry, die raad, van die Western Cape Civic Association om te sê hulle wil met julle samesprekings kom voer? -- Dit kan wees dat dit wel gebeur het dat ek nie daarvan bewus is nie. Ek het hier vir die hof gesê dat die vergaderings van die gemeenskapsraad was op elke Dinsdag gehou in die week. Dit het partykeer gebeur in baie gevalle dat ek nie by die vergaderings teenwoordig was nie, omrede ek mense na die trein toe moes geneem het as passasiers en dus dit nie kon bywoon nie. Dus sal ek dit nie heeltemal ontken en sê dat dit nie gebeur het nie.

Een ander aspek. U sê die huis van raadslid Tsobo het nie voor Augustus 1985 gebrand nie? --Ek sal net nie seker wees van 'n maand tussen die twee maande Julie en Augustus nie. Ek is amper oortuig daarvan dat dit Julie was seker, maar ek is nie oortuig nie.

As u amper oortuig is dit is Julie 1985 hoekom het u toe u u hoofgetuienis gegee het oortuigend gesê dit was nie voor Augustus 1985 nie? -- Indien ek so gesê het kan ek sê dit is maar net 'n fout. Ek kan nie onthou dat ek van Tsobc se huis spesifiek iets gesê het nie, maar wat ek bedoel het is dat dit sou gewees het in Juliemaand.

Ek stel dit aan u u is heeltemal met die maand uit en u is met die jaar ook uit. Dit het gebeur in 1984 ongeveer

Oktober/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Oktober. Wat sê u daarvan? -- Ek sal nie wat u daar voor u het betwis as dit vir u so gegee was nie, maar volgens my kennis sal ek nie vir u kan sê dat ek seker is dat dit in 1984 plaasgevind het nie.

Ek wil aan u ŉ dokument toon en vir u vra u moet kyk na bladsy 2. Is dit u handtekening? -- Ja.

Is dit ŉ verklaring wat u gemaak het op 16 April 1985 aan die polisie? -- Ek kan ongelukkig nie Afrikaans lees nie. Kan u dit miskien vir my lees?

Laat ons eers so hoor. Het u ŉ verklaring gemaak op 16 April 1985 aan die polisie, om meer spesifiek te wees aan adjudant-offisier Henry Moore MacDonald? -- Ek was by MacDonald se kantoor gewees. Ek was soontoe geroep. Hy het vrae vir my gevra.

Ek vra u weer, antwoord die vraag, het u ŉ verklaring gemaak? -- Die manier waarop ek gevra word sal my ŉ bietjie hier pla, want ek sê MacDonald het my geroep na sy kantoor toe waar hy die volgende vir my gesê het "Jy maak nie ŉ klagte teen iemand nie, ek maak ook nie ŉ klagte teen iemand nie. Al wat ek gaan doen is, ek sal jou vrae vra en ek wil hê jy moet sekere dinge aan my verduidelik." Dit is na aanleiding van die vrae wat hy gevra het waarop ek geantwoord het tot op die einde waar hy my toe gevra het of ek ŉ lid was van UDF, waarop ek hom toe gevra het "Waarom vra jy my dit?" Hy sê toe "Dit is na aanleiding van die verduideliking wat jy aan my gegee het", waarop ek toe aan hom gesê het "Ongelukkig nie. Ek behoort nie aan sulke goed nie." Dit is hoekom ek vir u gevra het om eers die verklaring vir my te lees want ek sal nie weet wat hy daar geskryf het nie. Ek kan nie Afrikaans lees nie.

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit sal gedoen word, maar het hy neergeskryf wat u gesê het? -- As dit die ding is wat ek gesê het op die manier wat ek met hom gepraat het, ja.

En die ding is toe getik, hy het dit vir u teruggebring en hy het dit vir u gelees en u het toe u handtekening soos daar op die dokument voor u aangebring? -- In watter taal was dit aan my gelees?

<u>HOF</u> : Wag, laat ons net eers duidelikheid kry. Het hulle met ŉ getikte stuk teruggekom na u toe? -- Ek kan nie onthou of dit getik was of nie getik was nie. Al wat ek vir die hof kan sê is dat voor ek sy kantoor verlaat het, het ek iets geteken en dit is in daardie stadium wat ek en hy daar gepraat het toe hy by my wou geweet het of ek ŉ lid van die UDF was.

<u>MNR. FICK</u> : Voor u geteken het, het hy aan u gelees en gesê dit is u verklaring en is dit reg getik? -- Kyk, dit is die rede hoekom ek gevra het in watter taal was dit gelees. Hy het dit vir homself gelees en hy het in Afrikaans gelees, wat ek nie verstaan nie. Dit was nie in Xhosa aan my gelees nie. Dit is die Afrikaans wat hy self verstaan wat hy vir homself gelees het.

Het hy dit nie eers in Afrikaans aan u gelees nie? -- Ek het mos al vir die hof gesê dat hy dit in Afrikaans gelees het en ek is nie goed in Afrikaans nie. Dit is hoekom ek nou gevra het dat dit gelees word dat dit dan aan my vertolk word dat ek kan verstaan wat die inhoud hiervan is.

<u>HOF</u> : Het hy dit hardop voorgelees? -- Ja, hy het dit in Afrikaans gelees.

<u>MNR. FICK</u> : En toe teken u dit? -- Hy sê toe dat ek daar moet teken.

Toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Toe teken u dit? -- Ek het geteken omdat hy gesê het ek moet teken.

Hoekom teken u 'n ding wat u niks van verstaan nie, u 'n man van 55 jarige ouderdom? -- Ja, wel, ek het dit geteken.

Ek vra vir u hoekom teken u 'n ding wat u nie weet nie? -- As ek dit nie geteken het nie, wat sou gebeur het, want dit was net ek en hy daar.

HOF : Watter taal is daar gebruik tussen u en MacDonald? -- Ek het gesê ek het met hom in Afrikaans gepraat en in welke taal ek nie so goed is nie. Dit is die rede dat ek daarop aandring dat die ding gelees word, want dalk het hy iets geskryf wat ek nie in gedagte gehad het toe ek die woorde gebesig het nie en hy kry toe 'n ander gedagte van wat ek gesê het.

Dit kan wees of dit kan nie wees nie. Ons wil net eers duidelikheid hê. U en hy het in Afrikaans gepraat, hy het in Afrikaans notas gemaak en hy het die ding wat getik is in Afrikaans teruggelees? -- Ja.

MNR. FICK : Het u op enige stdium - net ja of nee - vir hom gesê "Ek verstaan nie wat jy vir my lees nie"? -- Nie in die tyd wat hy gelees het nie, maar toe hy my daar gevra het het dit baie kere gebeur dat ek nie eers met hom kon praat nie, waar hy byvoorbeeld Afrikaanse woorde gebruik het wat ek nie eers kon verstaan wat dit beteken nie, woorde wat eintlik nie vir my verstaanbaar was nie.

Toe die verklaring aan u teruggelees is deur adjudant-offisier MacDonald is daar enigiets wat teruggelees is wat u nie verstaan het nie? -- Nee, ek weet nie.

U kan nie sê u weet nie. Dit is dan teruggelees? -- Ek het dan nou net gesê dat hy in Afrikaans gelees het

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat hy verstaan het. Ek het met hom gepraat in my Afrikaans wat baie swak was en op die manier wat ek dit kon praat. So, dit was vir my moeilik gewees om vir hom te kon sê wat hy daar lees verstaan ek nie.

Was daar iets, antwoord die vraag, wat u nie verstaan het nie wat hy vir u teruggelees het, ja of nee? -- Ek sal dit herhaal, ek het alreeds gesê dit kan wees, want daar is baie dinge waar ek en hy nie goed mekaar verstaan het nie.

Op daardie stadium toe die ding teruggelees is, vergeet van nou, was daar goed wat hy gelees het wat u nie kon verstaan het nie? -- Ja, dit is so. Ek het hom nie verstaan nie.

Het u toe vir hom gesê voor u teken "Maar kyk, ek verstaan nie alles wat jy vir my sê nie. Kry vir my ꞌn tolk dat hy vir my kan verduidelik voor ek teken"? -- Ongelukkig kon ek dit nie gesê het nie, want ons was nie in ꞌn hof gewees nie.

Ag, moenie nonsens praat nie, asseblief. Hy lees vir u ꞌn verklaring wat u nie verstaan nie. Hoekom sê u nie vir hom "Bring vir my iemand wat vir my kan vertaal wat hier aangaan voor ek teken" nie? -- Dan sal ek u moet vra want ons dans op een plek, ek en u. Kyk, ek het hier gesê dat ek en MacDonald het mekaar nie goed verstaan in die begin toe ek en hy met mekaar Afrikaans gepraat het nie. Wie se plig was dit gewees om ꞌn tolk te gaan soek?

Toe u gevra word om te teken, hoekom het u nie vir MacDonald gesê "Maar wag voor ek teken, kry vir my iemand wat vir my kan verduidelik wat hier staan, want ek weet nie wat ek teken nie"? -- Luister, dit lyk vir my u volg nie mooi wat ek sê nie. Ek sê aan die begin van die hele ding

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die onderhoud daar by MacDonald het ek en MacDonald gesukkel om mekaar te verstaan toe hy my die vrae gevra het. MacDonald was daarvan bewus en MacDonald gaan voort met die gesukkel. Hy is die man wat eintlik die tolk moes gekry het om alles te verstaan wat ek sê. Ek sê vir u die Afrikaans wat hy daar gelees het was vir my moeilik gewees om alles te volg. Wie se plig was dit gewees om die tolk dan te gaan soek tussen my of MacDonald? Was dit my plig of MacDonald s'n, dat hy maak dat ek verstaan waarvan hy praat?

Vergeet wie se plig dit was. U word gesê u moet u handtekening sit op ŉ papier, ŉ ding wat u nie verstaan nie, u ŉ man van 55 jaar oud? -- Luister, miskien is dit die eerste keer in u lewe wat u daarvan hoor dat ŉ mens iets kan teken wat hy nie goed verstaan nie, veral ŉ persoon wat voor ŉ polisieman moet teken wie nie van jou hou nie. Dit is nie die eerste keer nie. Veral as hy nie van jou hou nie, dat jy ŉ ding sal moet teken wat jy nie so goed verstaan nie.

U bewering dat u nie Afrikaans verstaan nie, is vals? U het hier in die hof ŉ voorbeeld gegee van die gebruik van Afrikaans toe u vir die hof gesê het dat Pienaar het op ŉ stadium ingespring terwyl julle met mnr. Hattingh of Hattis probeer praat het en toe het hy gesê hierdie ding is ŉ huishoudelike aangeleentheid? U het dit in Afrikaans gesê? -- Kyk, laat ons mekaar nou mooi verstaan. Luister nou hierso. Byvoorbeeld, uself, as u ŉ woord van Xhosa verstaan byvoorbeeld deur te sê Molweni, sal u vir mense kan loop en sê u verstaan Xhosa omdat u molweni verstaan?

Hoe het u en Pienaar gekommunikeer? In Xhosa? -- By ons vergadering kan ons voorsitter nie ŉ woord gebruik in

Afrikaans/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Afrikaans nie. Hy gebruik net Engels. Dit is mnr. Makhubalo. Ons vergaderings was nooit in Afrikaans gehou nie. Nie eers een dag nie. Die prosedure daar was in Engels.

Kan u onthou in 1986 toe het ŉ polisieman kom sien en vir u gevra u moet asseblief saam met hom kom daar na die polisiestasie toe, daar is advokate wat met u wil konsulteer om moontlik te getuig in hierdie saak, die staat? -- Wat sê hy toe wat is my antwoord?

HOF : Nee, is dit so of is dit nie so nie? -- Wat gebeur het is ek was in die straat gewees waar ek besig was om te werk toe ŉ polisieman my genader het en gesê het daar is ŉ blankepersoon wat my wil spreek te Sanlamgebou, waarop ek aan hierdie polisieman gesê het "Kyk, ek is besig, ek kan nie daarheen gaan nie. Loop sê vir daardie man as daar miskien ŉ saak is teen my en hy wil hê ek moet gevang word, moet hy vir my ŉ dagvaarding stuur. Ons sal mekaar by die hof ontmoet. Ek gaan nie na hom toe nie." Dit was die einde van die storie. Ek het dus nie gegaan nie.

MNR. FICK : Ek wil dit aan u stel, u is gevra om te kom vir ŉ konsultasie as getuie vir die staat en u het toe vir die polisieman gesê u weier. U het goed geweet u kan moontlik gekonsulteer word as ŉ getuie vir die staat? -- Nee, dit kan miskien wees dat daardie swartpolisieman bang was om vir my te sê dat ek benodig word om gekonsulteer te word sodat ek ŉ staatsgetuie moet word, want ek het hom pertinent gevra, die kar was vol passasiers, hoekom wil hulle my sien, waaroor gaan dit. Al wat hy vir my gesê het was dit is groot mense van Pretoria wat met jou wil praat. Nog ŉ ding as hy vir my gesê het dat ek gesoek word om ŉ getuie te word, sou ek gegaan het om self mondelings vir daardie

mense/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

mense te gaan sê ek wil nie ŉ getuie word nie, ek wil nie ŉ getuie wees by enige ding nie.

Nou hoe het u getuie geword in hierdie saak dan? -- Dit was my reg gewees om hier te wees vandag as ŉ getuie, want in hierdie saak is daar sekere dinge wat my betrek as ŉ lid van die raad want ek was ŉ raadslid gewees. So, tot ŉ mate is ek betrek in hierdie saak. Daar is baie dinge hier wat my eintlik betrek in die saak, wat dan veroorsaak het dat ek moet kom.

Ek wil dit aan u stel, dit is presies die punt. U was bereid om vir die verdediging te getuig, maar u was nie bereid om met die staat te konsulteer nie. Dit is hoekom u hier is? -- Hier is ŉ vraag vir jou. Is dit regtig reg vir ŉ mens om te lieg?

HOF : Ek dink u kan maar aanvaar die antwoord is nee. Het u nog vrae? -- Die rede hoekom ek hier is, wat veroorsaak het dat ek vandag hier kom getuig is omdat ek hier vir die hof wou vertel het van die raadslede en waaroor dit gaan.

Wanneer is u genader deur die verdediging? -- Dit is nie baie lank nie. Dit was iewers in 1987. Ek was toe bereid gewees. Ek het belang gestel.

MNR. FICK : Het u vir die verdediging gesê "Maar kyk, ek het ŉ verklaring gemaak oor wat daar gebeur het tydens my termyn as raadslid. Ek het ŉ verklaring gemaak oor wat sou gebeur het op 15 September, maar ek weet nie wat in die verklaring staan nie, ek het nie ŉ idee wat daar aangaan nie"? -- Dit was nie vir my nodig gewees om dit vir hulle te sê nie, want ek is nie bang vir daardie verklaring nie. Ek het nie omgegee vir die verklaring nie, want dit was MacDonald se verklaring. Dit het sy belang gehad, nie my

belang/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

belang nie.

Ek wil nou die verklaring aan u lees.

MR TIP : Can this be put in when the witness has raised the substantial question mark about whether he has understood it?

COURT : Let us hear what portions he did or did not understand.

HOF VERDAAG TOT 14 APRIL 1988.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.